Oktober 2017

# Stellenberger

## Die vierde kwartaal in Stellenberg



Die laaste kwartaal vorm die hoogtepunt van ons jaartema – die 500-jarige viering van die Reformasie.
Martin Luther se 95 stellings wat op 31 Oktober 1517 aan die aartsbiskop van Mainz (Albrecht von Brandenberg) gestuur is, was tekenend van 'n groeiende bewussyn onder daardie tyd se gelowiges dat die kerk tred verloor het met die wese van Jesus se opstanding en dood. Die impak van hierdie nuwe bewussyn het nie net die kerk diepliggend geraak nie, maar daarmee saam ook die samelewing en wêreld getransformeer.
Ons vier die Reformasie dan ook teen hierdie agtergrond. Raak deel van die gebeure deur die volgende geleenthede by te woon:

- **Gesamentlike eredienste** om 9:00 op Sondag 15, 22 en 29 Oktober. Die gesinsdiens en oggenddiens word gekombineer en in die kerkgebou aangebied. Die tema van die drie eredienste is: "Ons leef in, deur en met Christus". Kom en beleef saam met oud en jonk die gawe van 'n geloofsgemeenskap. Vir dié drie Sondae verskuif die kleuter- en peuterkerk na die komiteekamer. Kuier daarna saam in ons Markpleintent waar koffie, tee, koek en ander lekkernye te koop sal wees.
- **Reformasiediens** op 5 November saam met ons gasprediker, prof. Robert Vosloo.

**Reformasie Feesweek,** 5 tot 12 November, sien volledige inligting elders in die uitgawe.

# ’n Nuwe generasie ouderlinge vir die jeug

Stellenberger het vir Marius du Randt, nuut verkose ouderling van naderby gaan leer ken.

**Hoe het jy betrokke geraak by Stellenberg-gemeente?** Ek het in 2004 as ’n graad 6-leerder by die kategese ingeskakel. In my graad 8-skooljaar het ek die gemeente se graad 8-kamp bygewoon en van daar af meer en meer by gemeentekampe betrokke geraak. Teen die einde van my graad 8-skooljaar het ek by die *jeugband* ingeskakel en is vandag steeds daarby betrokke.

**Die woord “ouderling” is nogal ’n ou kerkterm. Wat beteken dit vir jou as jong gelowige en hoe sien jy jou rol as ouderling in die gemeente?** My rol as ouderling is volgens my om as verteenwoordiger vir die jeug op te tree en ’n gesig en stem vir die jeug op kerkraadsvergaderings te wees sodat ons saam kan bou aan die toekoms en visie van die gemeente. Ek wil graag help om te verseker dat die jeugbediening die momentum wat klaar geskep is, behou en daarop voortbou.

**Wat doen jy wanneer jy nie “ouderling” is nie?** Ek is die logistieke- en verspreidingsbestuurder by Cape Brewing Company, asook ’n deeltydse musikant en radio-omroeper by I Am Youth Radio by Radio Kaapse Kansel.

**Wat is volgens jou mening die gemeente se sterkpunte, veral met die oog op die jeugbediening?** Een van die jeugbediening se sterkpunte is na my mening beslis ons musiekbediening. Musiek speel ’n baie groot rol in hoe ons tydens eredienste God se teenwoordigheid ervaar. Ons uitreike na ander gemeenskappe en veral na plattelandse dorpe in ons land is nog ’n sterkpunt. Jongmense se bereidwilligheid om hulle tyd en energie aan uitreike af te staan bly vir my ongelooflik.



**Hoe definieer jy Christenskap?** Christenskap beteken vir my om uit te vind wie ons regte Vader is en ’n verhouding met Hom te bou deur te kyk na hoe Jesus geleef het. As ons in Jesus se voetstappe volg, sal ons verstaan wie ons regtig is en waar ons ons ware identiteit moet vind – uiteindelik net deur die liefde en genade van Jesus Christus.

**Het jy groot geword in ‘n huis met Christelike waardes en norme en sal jy jou eie kinders eendag met Christelike waardes en norme grootmaak?** Ek het beslis in 'n huis grootgeword waar my ouers 'n goeie voorbeeld as volgelinge van Jesus was en nog steeds is. Ek besef ek is baie geseënd om dit te kan sê, want al minder jongmense het deesdae so ’n belewenis van hulle ouers. Dit sal juis daarom vir my ’n vreugde wees om eendag ons kinders ook as volgelinge van Jesus groot te maak.

# November is die maand van dankbaarheid

In November is ons jaarlikse insameling van "tiendes" vir die werk van die gemeente en die koninkryk van Christus. Vanjaar het ons tiendemaandinsameling twee komponente: 'n finansiële bydrae plus 'n konkrete komponent waar ons gesinne versoek om uit dankbaarheid 'n sinvolle en bruikbare item uit hul huis te skenk.

**Tiendemaandbydraes**

"Herwinning" is die nuwe gonswoord en met die oog op die tiendemaandinsameling en ons gemeente se besorgdheid oor ons mooi natuur, het die kerkraad besluit om lidmate aan te spoor om met blink idees vorendag te kom deur weggooigoed in te span en 'n oulike houer, koevert, of sakkie uit plastiekbottels, leë blikke, boksies of ander rommel te prakseer.

Daarom daag ons lidmate uit om vanjaar hulle tiendemaandkontant-bydrae, of bewys van betaling indien jy elektronies betaal, in 'n houer te plaas wat jy, of jy en jou gesin, self gemaak het. Enige skepping uit herwinbare materiaal, soos blikke, koeverte, plastiekbottels, ens is welkom. Daar is twee lekker pryse (restuarantetes ter waarde van R500 elk) op die spel vir die twee oorspronklikste skeppings.

- Roer die breinselle en besluit waaruit jy jou herwinbare houer, spaarvarkie, of koevert gaan maak.
- Pak die bul by die horings en span sommer die hele gesin in om te help dink, knip en plak.
- Bring jou houertjie, koevert, geskenksakkie, spaarvark, of skepping van enige aard, op Sondag 12 November saam kerk toe met jou kontanbydrae, of bewys van betaling, binne-in. Ons sal dit tydens die eredienste inneem.




- Die pryswenners sal op Sondag 3 Desember bekend gemaak word.

**Gee uit dankbaarheid**

Items kan enigiets van 'n tafel tot 'n yskas wees – die enigste vereiste is dit moet van sodanige gehalte wees dat ons dit met trots aan iemand anders kan oorhandig.

- Bekyk jou huisraad en besluit as gesin saam watter bruikbare item julle graag aan 'n minderbevoorregte persoon wil afstaan.
- Bydraes kan vanaf November by die kerkkantoor afgelewer word.

Stel die kerkkantoor in kennis indien jy weet van 'n persoon of gesin wat 'n spesifieke behoefte aan huisraad het. Stuur 'n e-pos aan navrae@stellenberg.co.za

# Die gemeente groet vir Bremer en Erna

Stellenbergers het op 17 September op 'n pragtige lenteoggend amptelik van Bremer en Erna afskeid geneem. Ds. Bremer Gericke het einde September afgetree. Trane is afgevee terwyl die dienstydperk van 'n besondere egpaar gedenk is.  Die optrede van die Tygerberg Kinderkoor was 'n spesiale verrassing om Bremer te bedank vir jare se betrokkenheid by die koor as koorbestuurder.













# Gelowiges en die skep van welvaart



Hoe kan ek sinvol en betekenisvol werk en 'n goeie lewe vir myself en my gesin skep? Aanbieders:  Dries du Toit van RSG-faam en bekende finansiële konsultant bied die kursus aan  die hand van die boek  *The richest man in Babylon* aan. Ds. Callie Visagie sal 'n Bybelse perspektief oor rykdom aanbied.

**30 Oktober 18:30 tot 20:00 in die kapel.**

Koste  R50.00  p.p.  of  gesin.  Besprekings: Anneke Serfontein sos@stellenberg.co.za /  021 976 8029.

**Redakteur:** Sanèl Joubert  /  **Taalversorging:**  Annemarie Spies  /  **Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za  021 976 4519
NG Kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal /  www.stellenberg.co.za

# Reformasie Feesweek



**Feesdiens – Sondag 5 November 09:00 (kerk)**

Gasprediker: dr. Robert Vosloo verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch se Teologiese Kweekskool.

**Tafelgesprekke 6, 8 en 9 November 18:30 tot 20:30 (kleinsaal)**

Kaartjies beloop R100 p.p. per aand en R250 p.p. as vir al drie aande bespreek word. Dit sluit wyn, sap, koffie en ’n vingerete in – slegs 100 kaartjies per aand beskikbaar.

6 Nov 18:30: Reformasie & ekonomie – prof. Piet Naudé

8 Nov 18:30: Reformasie & onderwys – prof. Michael le Cordeur

9 Nov 18:30: Reformasie & demokrasie – aartsbiskop Thabo Makgoba

**Feeskonsert Sondag 12 November 19:00 tot 20:00 (kerk)**

Met Zorada Temmingh (orrelis) en die US Konservatorium Kamerkoor onder leiding van Martin Berger. Kaartjies R50 per persoon. Alle kaartjies is **weeksdae** by die kerkkantoor tussen **08:00 en 13:00** te koop, of **Sondae na die oggenddienste by die inligtingstafel.**

# Feesmark 18 Oktober tot 4 November





**Ons het self nie gedink dit is moontlik nie, maar die Feesmark is vanjaar nog groter as vorige jare.**

Bykomende tente vergroot die uitstal- asook restaurantruimte. Op die foto regs word die restaurant se bergingshouer wat sommer as instapyskas ook dien, afgelaai.

Die Feesmark se vloerplan verander a.g.v. die nuwe ruimte wat toegevoeg word.

Die Feesmarkingang verskuif ook na die straat tussen die SOS-kompleks en die pastorie.

Besoek die Feesmark vanaf 18 Oktober tot 4 November.


**Maandag tot Vrydag – 10:00 tot 20:00**

**Saterdag – 09:00 tot 18:00**

Nooi gerus jou vriende, bure en familie om die kreatiwiteit en handewerk van ons getroue uitstallers te kom bewonder, of om net heerlik saam te kuier in die gesellige atmosfeer van die restaurant.

# Die VatVyf-groep kuier in Hopefield

Die VatVyf-groep het hulle laaste uitstappie onder leiding van ds. Bremer Gericke op Maandag 18 September meegemaak. Hulle het Hopefield se blommeprag gaan bewonder en ook Hopefield se pragtige, historiese kerk en die bekende Bremer-huis, waar ds. Gericke se oupagrootjie gewoon het, besoek. Ds. Callie Visagie sal voortaan die VatVyf-groep onder sy vlerk neem.









# Dr. Richard Blackaby besoek Stellenberg-gemeente




Dr. Richard Blackaby, medeskrywer van die bekende boek "Beleef God" besoek ons op 11 en 12 November.
Op Saterdag 11 November bied hy 'n seminaar aan oor geestelike leierskap, vanaf 08:30 tot 12:30. Kaartjies is beskikbaar @ R100 per persoon. Bespreek jou plek by milda@stellenberg.co.za
Op Sondag 12 November tree dr. Blackaby as gas-prediker op tydens die 09:00-oggenddiens in die kerk.

# Reformasie se invloed op die gemeenskap

deur: * Dirk Brand



**Binne die Protestantse kerke wêreldwyd word die Reformasie as 'n belangrike hervorming van die Christelike kerk gesien en gevier en dit is ook reg so.**

Die Reformasie wat in 1517 amptelik begin het (alhoewel daar al vroeër ook hervormingsinisiatiewe was), het 'n baie breër trefkrag gehad as net binne die kerk. Dit het 'n era van hervorming ook in ander gemeenskappe en ook op ander gebiede meegebring.

Martin Luther se twis met die Rooms-Katolieke kerk het in die eerste plek oor die Christelike geloof en kerklike praktyke (eintlik wanpraktyke) gegaan, maar die kerk het ook 'n direkte invloed op die owerhede van daardie tyd gehad en dus het die dispuut tussen Luther en die kerk ook die breë gemeenskap beduidend beïnvloed. So is Pous Leo X se aanklag teen Luther by die Reichstag in Worms deur keiser Karel V, keiser van die Heilige Romeinse Ryk, aangehoor. Alhoewel die pous Luther uit die kerk verban het, moes die keiser oor Luther se toekoms beslis. Luther het heelwat steun in die gemeenskap gehad, ook van prinse en heersers van daardie tyd. Een van hulle, kroonprins Friedrich die Wyse van Sakse, het Luther gehuisves in die Wartburg-kasteel waar hy van sy belangrikste werk gedoen het, o.a. om die Bybel in Duits te vertaal sodat gewone mense dit ook kon lees en verstaan.

In Wittenberg, waar Luther onder andere professor in teologie was, het hy oor die jare talle gaste aan huis ontvang en tydens etes is daar baie gesels oor die Christelike geloof, maar ook oor alledaagse kwessies. Familielede, studente, reisigers en van sy geleerde vriende, soos Philip Melanchton en Lucas Cranach, was sy gespreksgenote. Luther het mettertyd sy vriende aangemoedig om belangrike gedagtes neer te skryf. Een van Luther se gespreksgenote, die priester, Konrad Cordatus, het die gesprekke stelselmatig begin opteken en so 'n belangrike verwysingsbron ontwikkel wat jare na Luther se dood as Martin Luther Tischreden (tafelgesprekke) gepubliseer is.

Onderwerpe soos die familie, opvoeding en die owerheidsgesag is heel dikwels om die tafel bespreek. Een van die wyshede wat uit dié tafelgesprekke oor die politiek en die opvoedkunde vorendag gekom het, was: "Sonder burgermeesters, prinse en adellikes kan ons klaarkom, maar nie sonder skole nie – hulle moet die wêreld regeer." Luther het ook gesê dat owerheidsgesag nodig is en dat vir die owerheid gebid moet word. Oor die sterrekunde en wiskunde was hy positief omdat dit met feite bewys kon word.

Om die tafel, soos op die foto, is ook bier gedrink en een van Luther se gesegdes was dat wie geen bier het nie, het niks om te drink nie! Op 'n meer ernstige noot het hy ook Christene aangemoedig om te praat oor en betrokke te raak by belangrike kwessies in die gemeenskap. Hy het gesê: "Ons lewens begin om te eindig op die dag wanneer ons stil word oor die dinge wat regtig saak maak."

* Dirk Brand is die leierouderling van die gemeente.

# Bybels vir Beaufort-Wes



Die uitreikspan van Beaufort-Wes het tydens die Julie-uitreike ontdek dat die mense van dié gemeenskap 'n geweldige behoefte aan Bybels het. Anéne Nortier, een van die uitreikers, het begin Bybels bymekaarmaak en met die aanbreek van die Septemberskoolvakansie kon sy en van die ander spanlede 300 Bybels aan Beaufort-Wessers gaan oorhandig. Indien jy 'n bydrae in die vorm van Bybels, of kontant wil maak vir dié welverdiende projek, kontak gerus vir Anéne Nortier by nortiers@vodamail.co.za

# Knysna se noodvoorraad bring ook verligting in die Karoo en Wes-Kaap







Die koördineerders van die noodvoorraad wat aan die Knysna-gebied geskenk is tydens die vernietigende brande wat vroeër vanjaar daar gewoed het, het ds. Why Duvenhage genader om behulpsaam te wees met die verspreiding van oortollige voorrade. Ds. Duvenhage het met die hulp van Danie van Niekerk en ander helpers voorraad in George gaan oplaai en aan minderbevoorregtes in Ruyterwacht, Houtbaai, Zoar en Calitzdorp uitgedeel.

"Ons is so dankbaar vir die geleentheid," sê Why. "Ons grootste uitdaging is egter om die voorrade vanaf George na ander dele in die land te vervoer. Indien iemand met dié logistieke uitdaging behulpsaam kan wees, kontak my asb. by 082 570 5931. Die nood bly groot, veral in plattelandse gemeenskappe – ons wil graag die kosvoorrade daar afgelewer kry."